

## **BYLAE 1**

### **VRAELYS VIR KINDERS**

Hierdie vraelys meet hoe jy daaroor voel om net by jou ma of jou pa in die huis te bly. Party vrae handel oor hoe dit vir jou is om by jou ma en/of pa te wees en ander vrae handel oor wat jy van jouself dink en hoe dit vir jou is om tussen jou maats te wees.

Antwoord asseblief **al** die vrae so eerlik as moontlik. Die inligting in hierdie vraelys sal vertroulik hanteer word. Lees asseblief die instruksies voor elke vraag baie deeglik deur. Baie dankie vir jou samewerking.

Mej. C.M. Winter

D-Phil student in Maatskaplike Werk met spesialisering in speltherapie

Universiteit van Pretoria

**Antwoord asseblief die volgende vrae eerlik.**  
**Hierdie is nie 'n toets nie.**  
**Daar is nie regte of verkeerde antwoorde nie.**

**Kantoorgebruik**

**Ouderdom:** ..... Jaar

**Graad:** .....

**Geslag:**

Seun	1	Dogter	2
------	---	--------	---

1. By wie bly jy? Merk met 'n regmerkie.

Ma	1	Pa	2
----	---	----	---

2. Is daar iemand anders wat saam met jou in jou huis bly, behalwe jou ma of jou pa?

.....  
 .....  
 .....  
 .....

3. Hoe is dit vir jou om by jou **ma** te wees?  
 Merk ja of nee by elke sin.

	1	2
My ma is baie irriterend	Ja	Nee
My ma is te kwaai met my	Ja	Nee
Dit is vir my lekker om by my ma te wees	Ja	Nee
My ma is baie geduldig met my	Ja	Nee
My ma laat my self besluite neem	Ja	Nee

4. Hoe gaan dit tussen jou en jou **ma**?  
 Merk ja of nee by elke sin.

	1	2
Ek kom goed oor die weg met my ma	Ja	Nee
Ek voel trots op my ma	Ja	Nee
My ma verstaan my nie	Ja	Nee
Ek voel skaam oor my ma	Ja	Nee
Ek kan die meeste van die tyd vir my ma sê hoe ek voel	Ja	Nee
My ma stel belang in wat ek doen	Ja	Nee

V1   1-2

V2  3

V3   4-5

V4  6

V5  7

V6  8

V7   9-10

V8   11-12

V9   13-14

V10   15-16

V11  17

V12  18

V13  19

V14  20

V15  21

V16  22

V17  23

V18  24

V19  25

V20  26

V21  27

5. Hoe is dit vir jou om by jou **pa** te wees?

Merk ja of nee by elke sin.

	1	2
My pa is baie irriterend	Ja	Nee
My pa is te kwaai met my	Ja	Nee
Dit is vir my lekker om by my pa te wees	Ja	Nee
My pa is baie geduldig met my	Ja	Nee
My pa laat my self besluite neem	Ja	Nee

V22	<input type="checkbox"/>	28
V23	<input type="checkbox"/>	29
V24	<input type="checkbox"/>	30
V25	<input type="checkbox"/>	31
V26	<input type="checkbox"/>	32

6. Hoe gaan dit tussen jou en jou **pa**?

Merk ja of nee by elke sin.

	1	2
Ek kom goed oor die weg met my pa	Ja	Nee
Ek voel trots op my pa	Ja	Nee
My pa verstaan my nie	Ja	Nee
Ek voel skaam oor my pa	Ja	Nee
Ek kan die meeste van die tyd vir my pa sê hoe ek voel	Ja	Nee
My pa stel belang in wat ek doen	Ja	Nee

V27	<input type="checkbox"/>	33
V28	<input type="checkbox"/>	34
V29	<input type="checkbox"/>	35
V30	<input type="checkbox"/>	36
V31	<input type="checkbox"/>	37
V32	<input type="checkbox"/>	38

7. Hoe is dit vir jou die meeste van die tyd by jou huis waar jy nou bly?

Merk ja of nee by elke sin.

	1	2
Dit is nie vir my lekker om by my huis te wees nie	Ja	Nee
Die mense in my huis baklei te veel	Ja	Nee
My huismense verstaan my nie	Ja	Nee
Ek kom goed oor die weg met die mense in my huis	Ja	Nee
Die mense in my huis is lief vir mekaar	Ja	Nee

V33	<input type="checkbox"/>	39
V34	<input type="checkbox"/>	40
V35	<input type="checkbox"/>	41
V36	<input type="checkbox"/>	42
V37	<input type="checkbox"/>	43

8. Hoe voel jy daaroor dat jou ma of pa nie meer by julle is nie?  
Merk ja of nee by elke sin.

	1	2
Ek voel deurmekaar	Ja	Nee
Ek voel kwaad	Ja	Nee
Ek voel bang	Ja	Nee
Dit pla my nie	Ja	Nee
Ek voel verlig	Ja	Nee
Ek voel bly	Ja	Nee
Ek voel minderwaardig	Ja	Nee
Ek voel eensaam	Ja	Nee
Ek voel hartseer	Ja	Nee
Ek voel dit is my skuld	Ja	Nee
Ek voel my ouer(s) het my nie meer lief nie	Ja	Nee

V38	<input type="checkbox"/>	44
V39	<input type="checkbox"/>	45
V40	<input type="checkbox"/>	46
V41	<input type="checkbox"/>	47
V42	<input type="checkbox"/>	48
V43	<input type="checkbox"/>	49
V44	<input type="checkbox"/>	50
V45	<input type="checkbox"/>	51
V46	<input type="checkbox"/>	52
V47	<input type="checkbox"/>	53
V48	<input type="checkbox"/>	54

9. Merk met 'n regmerk of die volgende sinne **nooit**, **soms**, of **altyd** so in jou lewe is.

	1	2	3
	<b>Nooit</b>	<b>Soms</b>	<b>Altyd</b>
Ek mis my pa/ma wat nie meer by ons is nie			
Ek voel dit is my skuld dat my pa/ma nie meer by ons is nie			
Ek hou van my ma/pa by wie ek bly se nuwe vriend/vriendin			
Ons kuier nog by die familie van my pa/ma wat weg is			
Ek verlang na die familie van my pa/ma wat weg is			
My ma/pa by wie ek bly, weet die meeste van die tyd waar ek is			
My ma/pa by wie ek bly, weet die meeste van die tyd wat ek doen			
My ma/pa by wie ek bly, help my met my huiswerk			
My ma/pa by wie ek bly, is baie keer te besig, om saam met my te speel.			
Ek is bang my ma/pa by wie ek bly, kom iets oor.			
Ons het min geld in die huis			
My ma/pa voel bang vandat ons alleen bly			

V49	<input type="checkbox"/>	55
V50	<input type="checkbox"/>	56
V51	<input type="checkbox"/>	57
V52	<input type="checkbox"/>	58
V53	<input type="checkbox"/>	59
V54	<input type="checkbox"/>	60
V55	<input type="checkbox"/>	61
V56	<input type="checkbox"/>	62
V57	<input type="checkbox"/>	63
V58	<input type="checkbox"/>	64
V59	<input type="checkbox"/>	65
V60	<input type="checkbox"/>	66

9. ( Vervolg)

	1	2	3
	<b>Nooit</b>	<b>Soms</b>	<b>Altyd</b>
Ek voel bang vandat ek saam met net een van my ouers bly			

V61  67

10. Sê of die volgende sinne waar of vals is.

	1	2
	<b>Waar</b>	<b>Vals</b>
Ek hou van myself		
Ek doen dikwels dinge wat vir my lekker is		
Ek voel gelukkig		
Ek voel spesiaal		
Ek haat myself		
Ek voel ongelukkig		
Ek voel ek is nie spesiaal nie		
Ek doen baie goed vir my ma/pa by wie ek bly, sodat hy/sy nie vir my kwaad word nie		
Ek probeer altyd soet wees, sodat my ma/pa nie met my raas nie		
Ek maak baie grappies, sodat ek nie hoef te dink aan my pa/ma wat weg is nie		
Ek praat liever oor ander goed as om oor my gesin te praat		

V62  68

V63  69

V64  70

V65  71

V66  72

V67  73

V68  74

V69  75

V70  76

V71  77

V72  78

11. Het jy maatjies?

Ja	1	Nee	2
----	---	-----	---

V73  79

12. Sê of die volgende sinne waar of vals is, as jy wel maatjies het.

	1	2
	<b>Waar</b>	<b>Vals</b>
Ek is bang my maats hou nie meer van my nie, as ek sê wat ek dink		
Ek doen altyd wat my maats vir my sê om te doen		
Ek hou van my maats		
Dit is vir my lekker by my maats		
My maats hou van my		
Ek haat my maats		
Ek is vriendelik met my maats		
My maats verstaan my		
Ek speel lekker saam met my maats		
Ek voel vinnig kwaad		

V74  80

V75  81

V76  82

V77  83

V78  84

V79  85

V80  86

V81  87

V82  88

V83  89

12. ( Vervolg)

	1	2
	Waar	Vals
Dit is ander mense se skuld as ek sleg voel		
Ek slaan my maats as my maats my kwaad maak		
Ek byt my maats as hulle my kwaad maak		
Ek skop my maats as hulle my kwaad maak		
Ek sê lelike goed vir my maats as hulle my kwaad maak		

V84	<input type="checkbox"/>	90
V85	<input type="checkbox"/>	91
V86	<input type="checkbox"/>	92
V87	<input type="checkbox"/>	93
V88	<input type="checkbox"/>	94

13. Merk ja of nee by elkeen van die volgende sinne:

	1	2
Ek weet die meeste van die tyd hoe ek voel	Ja	Nee
Ek weet die meeste van die tyd wat ek dink	Ja	Nee
Ek weet hoe ek daaroor voel dat my ma en pa nie meer saam is nie	Ja	Nee
Ek weet wat om te doen met my gevoelens	Ja	Nee
Dit is vir my maklik om vir mense wie ek vertrou, te vertel hoe ek voel	Ja	Nee
Ek kan in 'n groep sê wat ek voel en dink, sonder om bang te wees vir wat die ander van my gaan dink	Ja	Nee
Ek doen baie keer dinge om myself te bederf wanneer ek nie lekker voel nie	Ja	Nee
Ek weet die meeste van die tyd wat ek nodig het	Ja	Nee
Ek kan vir my ma/pa by wie ek bly, vra vir dit wat ek nodig het	Ja	Nee
Ek kan die meeste van die tyd self besluite neem	Ja	Nee
Dit is vir my die meeste van die tyd maklik om probleme op te los	Ja	Nee

V89	<input type="checkbox"/>	95
V90	<input type="checkbox"/>	96
V91	<input type="checkbox"/>	97
V92	<input type="checkbox"/>	98
V93	<input type="checkbox"/>	99
V94	<input type="checkbox"/>	100
V95	<input type="checkbox"/>	101
V96	<input type="checkbox"/>	102
V97	<input type="checkbox"/>	103
V98	<input type="checkbox"/>	104
V99	<input type="checkbox"/>	105

14. As jy **een** wens kon gewens het,  
Wat sou jy gewens het?

.....  
 .....  
 .....  
 .....

V100   106-107

**BAIE DANKIE VIR JOU HARDE WERK!**

## **BYLAE 2**

### **VRAELYS VIR OUERS**

Enkelouerskap is besig om toe te neem in die samelewing van vandag. Die grootste oorsaak van enkelouergesinne is egskeiding. Enkelouerskap plaas die enkelouer in 'n posisie van groter verantwoordelikheid wat in baie gevalle moeilik is om te hanteer.

Hierdie vraelys meet hoe u dink u kind die enkelouersituasie beleef en hanteer. Antwoord asseblief **al** die vrae so eerlik as moontlik. Die inligting in hierdie vraelys sal vertroulik hanteer word. Lees asseblief die instruksies voor elke vraag baie deeglik deur. Baie dankie vir u samewerking.

Mej. C.M. Winter

D-Phil student in Maatskaplike Werk met spesialisering in speltherapie

Universiteit van Pretoria

**Antwoord asseblief die volgende vrae eerlik.  
Daar is nie regte of verkeerde antwoorde nie.**

**Kantoorgebruik**

V1   1-2

V2  3  
V3  4

V4   5-6

V5  7

V6  8

V7   9-10

V8   11-12  
V9   13-14

V10  15

V11  16  
V12  17  
V13  18  
V14  19  
V15  20

V16  21  
V17  22  
V18  23  
V19  24  
V20  25  
V21  26

**Ouderdom van ouer: .....** jaar

**Geslag van ouer:** (Merk met 'n regmerk)ie)

Manlik	1	Vroulik	2
--------	---	---------	---

1. Werk u tans?

Ja	1	Nee	2
----	---	-----	---

2. Indien wel, watter werk doen u?

.....

3. Hoe lank is u al 'n enkelouer? .....jaar  
.....maande

4. Wat het die skeiding tussen u en u eggenoot veroorsaak?

Egskeiding	1	Dood	2	Vervreemding	3
------------	---	------	---	--------------	---

5. Hoe is dit vir u om by u kind te wees?  
Merk ja of nee by elke sin.

	1	2
My kind is baie irriterend	Ja	Nee
Ek vind dit moeilik om my kind te bekeer	Ja	Nee
Dit is vir my lekker om by my kind te wees	Ja	Nee
Ek het baie geduld met my kind	Ja	Nee
Ek laat my kind self besluite neem	Ja	Nee

6. Hoe gaan dit tussen u en u kind?  
Merk ja of nee by elke sin.

	1	2
Ek kom goed oor die weg met my kind	Ja	Nee
Ek voel trots op my kind	Ja	Nee
Ek verstaan net nie my kind nie	Ja	Nee
Ek voel skaam oor my kind	Ja	Nee
My kind kan die meeste van die tyd vir my sê hoe hy/sy voel	Ja	Nee
Ek stel belang in wat my kind doen	Ja	Nee



7. Hoe dink u **is dit vir u kind** die meeste van die tyd om in julle gesin te wees?  
Merk ja of nee by elke sin.

	1	2		
Dit is nie vir my kind lekker om by ons as gesin, te wees nie	Ja	Nee	V22	27
My kind voel die lede van ons gesin baklei te veel	Ja	Nee	V23	28
My kind voel ons as gesin, verstaan hom/haar nie	Ja	Nee	V24	29
My kind kom goed oor die weg met ons as gesin	Ja	Nee	V25	30
My kind voel die lede van ons gesin is lief vir mekaar	Ja	Nee	V26	31

8. Hoe dink u **voel u kind** daaroor dat u gewese eggenoot nie meer by julle is nie?  
Merk ja of nee by elke sin.

	1	2		
My kind voel deurmekaar	Ja	Nee	V27	32
My kind voel kwaad	Ja	Nee	V28	33
My kind voel bang	Ja	Nee	V29	34
Dit pla my kind nie	Ja	Nee	V30	35
My kind voel verlig	Ja	Nee	V31	36
My kind voel bly	Ja	Nee	V32	37
My kind voel minderwaardig	Ja	Nee	V33	38
My kind voel eensaam	Ja	Nee	V34	39
My kind voel hartseer	Ja	Nee	V35	40
My kind voel dit is sy/haar skuld	Ja	Nee	V36	41
My kind voel ek het hom/haar nie meer lief nie	Ja	Nee	V37	42

9. Merk met 'n regmerknie of die volgende sinne **nooit, soms, of altyd** so in u en u kind se lewe is.

	1	2	3		
	<b>Nooit</b>	<b>Soms</b>	<b>Altyd</b>		
My kind mis my man/vrou wat nie meer by ons is nie				V38	43
My kind voel dat dit sy/haar skuld is dat my man/vrou nie meer by ons is nie				V39	44
My kind hou van my nuwe vriend/vriendin				V40	45
Ons kuier nog by die familie van my gewese eggenoot/e				V41	46
My kind verlang na die familie van my gewese eggenoot/e				V42	47

9. ( Vervolg)

	1	2	3
	<b>Nooit</b>	<b>Soms</b>	<b>Altyd</b>
Ek weet die meeste van die tyd waar my kind is			
Ek weet die meeste van die tyd wat my kind doen			
Ek help my kind met sy/haar huiswerk			
Ek is baie keer te besig, om saam met my kind te speel			
My kind is bang ek kom iets oor			
Finansieel kry ek swaar vandat my eggenoot/e nie meer by ons is nie			
Ek voel bang vandat ek alleen saam met my kind/ers bly			
My kind voel bang vandat hy/sy saam met net een ouer bly			

V43	<input type="checkbox"/>	48
V44	<input type="checkbox"/>	49
V45	<input type="checkbox"/>	50
V46	<input type="checkbox"/>	51
V47	<input type="checkbox"/>	52
V48	<input type="checkbox"/>	53
V49	<input type="checkbox"/>	54
V50	<input type="checkbox"/>	55

10. Toon met 'n regmerknie aan of die volgende sinne waar of vals is rakende u kind.

	1	2
	<b>Waar</b>	<b>Vals</b>
My kind hou van hom-/haarsel		
My kind doen dikwels dinge wat vir hom/haar lekker is		
My kind voel gelukkig		
My kind voel spesiaal		
My kind haat hom-/haarsel		
My kind voel ongelukkig		
My kind voel hy/sy is nie spesiaal nie		
My kind doen baie dinge vir my, sodat ek nie vir hom/haar kwaad word nie		
My kind probeer altyd soet wees, sodat ek nie met hom/haar raas nie		
My kind maak baie grappies, sodat hy/sy nie hoef te dink aan my eggenoot/e wat weg is nie		
My kind praat liever oor ander goed as om oor sy/haar gesin te praat		

V51	<input type="checkbox"/>	56
V52	<input type="checkbox"/>	57
V53	<input type="checkbox"/>	58
V54	<input type="checkbox"/>	59
V55	<input type="checkbox"/>	60
V56	<input type="checkbox"/>	61
V57	<input type="checkbox"/>	62
V58	<input type="checkbox"/>	63
V59	<input type="checkbox"/>	64
V60	<input type="checkbox"/>	65
V61	<input type="checkbox"/>	66

11. Het u kind maats?

Ja	<input type="checkbox"/>	1	Nee	<input type="checkbox"/>	2
----	--------------------------	---	-----	--------------------------	---

V62	<input type="checkbox"/>	67
-----	--------------------------	----

12. Toon aan of die volgende waar of vals is rakende u kind, indien u kind wel maats het.

	1	2		
	Waar	Vals		
My kind is bang sy/haar maats hou nie meer van hom/haar nie, as my kind sê wat hy/sy dink			V63	68
My kind doen altyd wat sy/haar maats vir hom/haar sê om te doen			V64	69
My kind hou van sy/haar maats			V65	70
Dit is vir my kind lekker by sy/haar maats			V66	71
My kind se maats hou van hom/haar			V67	72
My kind haat sy/haar maats			V68	73
My kind is vriendelik met sy/haar maats			V69	74
My kind se maats verstaan my kind			V70	75
My kind speel lekker saam met sy/haar maats			V71	76
My kind voel vinnig kwaad			V72	77
My kind meen dit is ander mense se skuld as hy/sy sleg voel			V73	78
My kind slaan sy/haar maats as hulle my kind kwaad maak			V74	79
My kind byt sy/haar maats as hulle my kind kwaad maak			V75	80
My kind skop sy/haar maats as hulle my kind kwaad maak			V76	81
My kind sê lelike goed vir sy/haar maats as hulle my kind kwaad maak			V77	82

13. Merk ja of nee by elkeen van die volgende sinne:

	1	2		
My kind weet die meeste van die tyd hoe hy/sy voel	Ja	Nee	V78	83
My kind weet die meeste van die tyd wat hy/sy dink	Ja	Nee	V79	84
My kind weet hoe hy/sy daarvoor voel dat ek en my eggenoot(e) nie meer saam is nie	Ja	Nee	V80	85
My kind weet wat om te doen met sy/haar gevoelens	Ja	Nee	V81	86
Dit is vir my kind maklik om vir mense wie hy/sy vertrou, te vertel hoe hy/sy voel	Ja	Nee	V82	87
My kind kan in 'n groep sê wat hy/sy voel en dink, sonder om bang te wees vir wat die ander van hom/haar gaan dink	Ja	Nee	V83	88
My kind doen baie keer dinge om hom-/haarself te bederf wanneer hy/sy nie lekker voel nie	Ja	Nee	V84	89

13. ( Vervolg)

	1	2
My kind weet die meeste van die tyd wat hy/sy nodig het	Ja	Nee
My kind kan vir my vra vir dit wat hy/sy nodig het	Ja	Nee
My kind kan die meeste van die tyd self besluite neem	Ja	Nee
Dit is die meeste van die tyd vir my kind maklik om probleme op te los	Ja	Nee

V85	<input type="checkbox"/>	90
V86	<input type="checkbox"/>	91
V87	<input type="checkbox"/>	92
V88	<input type="checkbox"/>	93

14. As u kind **een** wens kon gewens het, wat dink u sou hy/sy gewens het?

.....  
 .....  
 .....  
 .....

V89   94-95

**DANKIE VIR U SAMEWERKING**

### **BYLAE 3**

Voortoets-/Natoetskaal ontwikkel deur METT Sentrum

(NIE BESKIKBAAR NIE!)

**BYLAE 4****INGELIGTE TOESTEMMINGSBRIEF**

**Naam**                    **van**                    **ouer**                    **van**                    **respondent:**  
**Datum:**.....

**Naam van respondent:**  
 .....

**Hoofondersoeker:** Carla Winter  
 Departement Maatskaplike Werk  
 Fakulteit Geesteswetenskappe  
 Universiteit van Pretoria  
 Pretoria  
 0002  
 Tel. no: 082 638 5202

**Ingeligte Toestemming:**

1. **Titel van die studie:** Die bemagtiging van enkelouerkinders in hulle laat middelkinderjare in 'n middestad konteks.
2. **Doel van die studie:** Die doel van hierdie studie is om u kind deur middel van gestaltgroepwerk te bemagtig om sy/haar negatiewe belewinge van die enkelouersituasie op toepaslike wyses te hanteer.
3. **Prosedures:** My kind sal gevra word om een maal per week 'n groepsessie by te woon vir ongeveer agt tot tien weke. Ek en my kind sal gevra word om elkeen 'n vraelys voor die begin van die reeks groepsessies en weer aan die einde van die reeks groepsessies in te vul. Hierdie vraelys meet die vordering van my kind met sy/haar hantering van die enkelouersituasie. Dieselfde vraelys word aan die begin en einde van die reeks groepsessies ingevul. Ek as ouer sal ook gevra word om ongeveer twee tot drie groepsessies saam met die ander ouers by te woon, ten einde ondersteuning te ontvang met die hantering van my kind.
4. **Risiko's en ongemak:** Tydens die groepsessies sal u kind gehelp word om uiting te gee aan sy/haar emosies oor die enkelouersituasie. Hierdie gevoelens sal egter tydens die groepsessies hanteer word met behulp van bepaalde gestaltgroepwerktegnieke en die ondersteuning van die ander groeplede.

Tydens die groepsessies wat ek as ouer sal bywoon, sal ons emosies oor ons enkelouerskap op dieselfde wyse hanteer word.

5. **Voordele:** My kind kan deur sy/haar deelname aan en samewerking tydens die totale gestaltgroepwerkprogram, sy/haar negatiewe belewinge van die enkelouersituasie verwerk en op beter wyses hanteer.

Ek as enkelouer kan gehelp word om die positiewe verandering in my kind se gedrag te versterk en om my enkelouerskap makliker te hanteer.

Die resultate van die studie sal ander terapeute in staat stel om kinders wat hulleself in enkelouersituasies bevind, deur middel van gestaltgroepwerk te bemagtig om die situasie beter te hanteer.

6. **Regte van die respondent:** Ek en my kind mag ter enige tyd van deelname aan hierdie studie onttrek.

Dienste in die vorm van groepterapeutiese intervensie sal gratis aan u kind gelewer word. Indien verdere individuele terapeutiese intervensie na die groepintervensie verlang word, sal u kind na een van die terapeute van die Middestad Trauma Terapie Sentrum verwys word vir individuele aandag.

7. **Konfidensialiteit:** Die ware identiteit van my en my kind sal **nie** in die finale navorsingsverslag bekend gemaak word **nie**. Slegs die ondersoeker, medeterapeut en haar supervisor sal bewus wees van ons identiteit. Indien daar van 'n videokamera of kasset gebruik gemaak sal word om enkele groepsessies op te neem, sal my en my kind se addisionele toestemming hiervoor bekom word.

Die resultate van die studie mag in professionele joernale gepubliseer word of tydens professionele konferensies aangebied word, sonder dat my en my kind se identiteit bekend gemaak word.

8. **Indien ek enige navrae het, kan ek die volgende nommer skakel: 082 638 5202**

.....  
**Handtekening van ouer**

.....  
**Datum**

.....  
**Handtekening van ondersoeker**